

ANSELMUS CANTUARIENSIS

PROSLOGION

Vanuit die Latyn in Afrikaans vertaal en tipografies geredigeer deur J J (Ponti) Venter

Kopiereg berus volledig by die vertaler.

2013

INHOUD

I	‘n Aansporing vir die denke om oor God te peins.	
II	Dat God werklik bestaan.	
III	Dat nie gedink kan word dat God nie bestaan nie.	
IV	Hoe ‘die dwaas in sy hart gesê het’ wat nie gedink kan word nie.	
V	Dat God alles is wat beter is om te wees as om nie te wees, en dat Hy, terwyl Hy deur-homself-alleen bestaan, alle ander dinge uit niks tot stand bring.	
VI	Hoe Hy ervaar alhoewel Hy nie liggaamlik is nie.	
VII	Hoe Hy almagtig is alhoewel daar talle dinge is wat Hy nie kan doen nie.	
VIII	Hoe Hy barmhartig is, en [tog] onlydsaam is.	
IX	Hoe die Al-regverdige en Hoogs-regverdige die slegte mense spaar en hoe HY Hom regverdiglik oor die slegte mense ontferm.	
X	Hoe Hy regverdiglik die slegte mense straf én regverdiglik die slegte mense spaar.	
XI	Hoe ‘al die weë van die Here barmhartigheid en waarheid is’ en hoe die Here nogtans regverdig is in al sy weë.	
XII	Dat God die, lewe self is waardeur Hy lewe, en dieselfde geld ook van sy ander eien-skappe.	
XIII	Hoe Hy alleen eindeloos en ewig is, alhoewel ander geeste ook eindeloos en ewig is.	
XIV	Hoe en waarom God gesien word en nie gesien word nie, deur hulle wat Hom soek.	
XV	Hoe Hy groter is as wat gedink kan word.	
XVI	Dat dit die ‘ontoeganklike lig’ is waarin Hy ‘woon’.	
XVII	Dat harmonie, geurigheid, soetheid, sagtheid en skoonheid in God is op sy eie, on-uitspreeklike wyse.	
XVIII	Dat daar nóg in God, nóg in sy ewigheid – wat Hyself is – enige dele is.	
XIX	Dat Hy nie in plek of tyd is nie, maar alle dinge is in Hom.	
XX	Dat hy vóór en anderkant alle dinge is, selfs die ewige is in hom.	
XXI	Of dit die ‘eeu van die eeu’ is, of die ‘eeue van die eeue’ is.	
XXII	Dat hy alleen is wat Hy is, en wie Hy is.	
XXIII	Dat hierdie Goeie op gelyke wyse Vader, Seun, en Heilige Gees is, en dat dit die ‘een noodwendige’ wese is wat in elke sin en totaal en alleen die Goeie is.	
XXIV	‘n Projeksie oor watter soort en hoe groot hierdie Goeie is	
XXV	Watter goeie dinge aan diegene behoort wat hierdie Goeie geniet en hoe groot hulle is	
XXVI	Of dit die ‘volle vreugde’ is wat die Here beloof.	

VOORWOORD

Nadat ek –

na dringende versoeke van enkele broeders ‘n werkie gepubliseer het
- as ‘n voorbeeld van ‘n bepeinsing oor die rasonele grond van die geloof
- in die rol van iemand wat dinge wat hy nie weet nie, ondersoek
 deur in stilte met homself te redeneer

het ek myself begin afvra

- siende dat daardie werkie ‘n samestelling is –
 [opgebou] deur die aaneenskakeling van talle argumente

of dit ook moontlik is om

- één argument te vind
 * wat as sy bewys niks anders as homself benodig nie
 * en op homself genoegsaam is om aan te toon dat
 - dat God werklik bestaan, en
 - dat hy die Hoogste Goeie is,
 - wat aan niks anders behoefte het nie, en
 - waaraan alle goeie dinge behoefte het vir hulle bestaan en welsyn, en
 - wat ons ookal verder oor die goddelike substansie glo.

Wanneer ek my denke – dikwels en ywerig! – hierop toegespits het,

- het dit nou vir my gelyk of asof wat ek aan’t soeke was, binne bereik was,
- dán wéér het dit die lem van my denke heeltemaal ontglip.

Uiteindelik wou ek dit in wanhoop laat vaar as iets wat onmoontlik is om te vind.

Maar toe ek daardie gedagtegang totaal van my af wou wegsluit,

sodat dit my nie deur die vergeefse besetting van my gedagtes sou weghou van ander
sake waarin ek wel in staat was om te vorder nie,

het dit homself meer-en-meer

- ten spyte van my teësin en weerstand -
met ‘n soort vermetelheid opgedring.

Terwyl ek dan eendag begin uitgeput raak het van hard-weerstand-bied

teen die opdringerigheid daarvan,
- juis in die innerlike stry van my gedagtes –

het dit waaraan ek gewanhoop het, homself só aangebied,

dat ek ywerig die gedagtegang omhels het,
wat ek in my onrus aan’t verwerpe was.

Dus:

in die mening dat dit wat my bly gemaak het,

- as dit op skrif sou wees –
ook enige leser plesier sou gee,

het ek die huidige werkie geskrywe:

- oor die bogenoemde vraagstuk en verskeie ander
in die rol van iemand wat probeer om sy denke na bó te rig,
en wat daarna strewe om te begryp wat hy glo.

En hoewel na my oordeel geeneen

- nòg laasgenoemde nòg eersgenoemde
werd is om 'n 'boek' genoem te word, of die skrywer se naam te dra;

het ek nogtans gemeen dat ek hulle nie sonder een of ander titel,

- waardeur hulle enigiemand in wie se hande hulle mag beland –
op 'n manier sou uitnooi om hulle te lees -
die wêreld moet instuur nie.

Dus het ek elkeen sy eie titel gegee:

die **eerste** noem ek: '*n Voorbeeld van bepeinsing oor die rasionele grond van die geloof*';

die **latere**: '*Geloof strewend na insig*'.

Maar aangesien hulle alreeds deur talle lesers onder bogenoemde titels gekopieer is, het verskeie persone daarop aangedring dat ek my naam op hulle skrywe – veral die eerwaardede biskop van Lyon, Hugo, die pouslike gesant in Gallië, het my dit op grond van sy pouslike gesag beveel.

Gemaklikheidshalwe het ek:

eersgenoemde *Monologion*, dit is '*Alleenspraak*'
en **laasgenoemde** *Proslogion*, dit is '*Toespreking*',

genoem.

HOOFSTUK I

‘N AANSPORING OM OOR GOD TE PEINS

Kom nou, *mensie*,
ontvlug vir ‘n oomblik jou take,
skuil ‘n moment vir jou onrustige gedagtes.
Skuif nou af jou ware sorge,
en stel uit jou moeitevolle inspanninge.
Wees ‘n oomblik beskikbaar vir God,
en rus ‘n oomblik in Hom.
‘Gaan in die binnekamer’¹ van jou denke,
sluit alles uit,
behalwe God en dit wat jou help om Hom te vind, en
soek Hom ‘agter geslote deur’².
Sê nou, ‘heel my hart’,
sê nou vir God:
‘Ek soek u aangesig,
U aangesig, Here, soek ek’³.

Kom dan nou, U, Here *my God*, leer my siel:
waar en hoe dit U moet soek;
waar en hoe dit u moet vind.

Here, as U *nie hier* is nie,
waar sal ek U, die *afwesige*, soek?
Maar as U *oral* is
waarom sien ek U, die *teenwoordige*, nie?

Maar sekerlik, U woon in ‘ontoeganklike lig’⁴.
En wáár is die ontoeganklike lig?
Of hoe sal ek die ontoeganklike lig bereik?
Of wie sal my lei en inlei daarin,
sodat ek U dáárin mag sien?
Ja, deur watter tekens, deur watter aansig,
sal ek U soek?
Nog nooit het ek U gesien, Here my God,
ek ken U aangesig nie.

Wat sal hy doen, hoogste Here,
wat sal hy doen –
hy, U verre banneling?

¹ Matt 6:6

² Matt ^: ^

³ Matt 26:8

⁴ Tim 6:16

Wat sal U kneg doen –
angstig in sy liefde vir U, en
‘ver weggewerp van U aangesig’⁵?

Hy strewe om U te sien, en
- U aangesig is te ver van hom.
Hy verlang om U te nader, en
- U woning is ontoeganklik.
Hy begeer om U te vind, en
- weet nie waar U is nie.
Hy is angstig om U te soek, en
- ken nie U aangesig nie.

Here, U is my God en U is my Here –
en ek het U aangesig nog nooit gesien nie.
U het my geskep en herskep en U het my met alle goedhede begiftig
en nog steeds ken ek U nie.
Ja, *ek is geskep om U te aanskou* –
en *ek het nog nie die doel bereik waarvoor ek gemaak is nie*.

O, ellendige lot van die mens, want:
hy het dít verloor waartoe hy geskep is.
O, hoe hard en wreed daardie*val*.

Ag, wat het hy verloor
en wat gevind?
Wat is weg
en wat het gebly?
Hy het die geluk verloor waartoe hy geskep is,
- en die ellende gevind, waarvoor hy nie gemaak is nie.
Weg is dit waarsonder niemand geluk het nie,
- en gebly het dit, wat in homself net ellende is.

Eens ‘het die mens die engelebrood geëet’⁶,
waarna hy nou honger;
Nou eet hy ‘brood van smarte’⁷,
wat hy tóé nie geken het nie.

Ag, die openbare rou van die mensheid;
die algemene weeklag van die kinders van Adam!

Hy het winde van versadiging gebreek

⁵ Ps 50:13

⁶

⁷

ons sug van honger,
Hy was ryk –
ons bedel.
Hy het in geluk besit en met ellende verloor.
ons ontbeer in ongeluk en met ellende begeer ons!
En ag! Ons bly leeg!

Waarom het hy nie vir ons bewaar,
- want hy kon dit so maklik –
wat ons nou so swaar ontbeer nie?
Waardeur het hy ons so die lig ontnem,
en ons in duisternis omhul?
Wartoe het hy van ons die lewe besteel?
en die dood oor ons gebring?

Ellendiges:

Waaruit is ons uitgesluit;
waarin is ons gewerp?
Waarvandaan is ons afgesmyt;
waarin is ons begrawe?
Uit ons vaderland,
in ballingskap.
Van die aanskouing Gods
in ons blindheid.
Uit die plesier van onsterflikheid
in die bitterheid en afsku van dood.

Ellendige omwenteling:

Van soveel goed
na soveel kwaad
Bitter verlies ... bitter smart ... bitter alles!

Maar ag, ek ellendige, een van al die Evaseuns ver van God verwyder!

Wat ket ek aangepak
wat het ek uitgevoer?
Waarna het ek uitgereik
waarna sug ek?
'Ek het die goeie gesoek'⁸
'en kyk die verwarring'⁹
Ek het uitgereik na God
en teen myself gestamp.
Ek het in myself rus gesoek,
en innerlik 'onrus en smart'¹⁰ gevind.

⁸ Ps 121:9

⁹ Jer 14:9

¹⁰ Ps 114:3

Ek wou lag uit die vreugde van my denke
‘die kreun van my hart’ dwing my ‘om te skreeu’¹¹.
Ek het gehoop op vreugde
en kyk vanwaar verdig die sugte!

En ‘U, O Heer, hoe lank nog?’¹²
Hoe lank, o Heer, sal U ons vergeet:
Hoe lank kyk U van ons af weg?’¹³
Wanneer ‘sal U na ons kyk en ons verhoog?’¹⁴
Wanneer ‘sal U ons oë verlig’¹⁵ en aan ons ‘U aangesig toon’¹⁶?
Wanneer sal U uself weer aan ons gee?

Kyk terug, Here,
verhoor ons, *verlig* ons, *toon Usself* aan ons.
Gee uself aan ons terug
sodat dit kan goedgaan met ons;
Erbarm U,
oor ons moeite en pogings na U toe,
wat sonder u niks werd is nie.
U nooi ons uit:
‘Help ons’¹⁷ dan.

Ek smee U, Here,
dat ek nie in versugting wanhoop nie,
maar in hoop asem mag skep.
Ek smee U, Here,
- my hart is verbitterd deur verlatenheid –
versoet dit deur U troos.
Ek smee U, Here,
- ek het honger begin soek na U –
laat my nie, ledig aan U, moed opgee nie.

Verhonger het ek genader –
laat my nie ongevoed teruggaan nie.
Arm het ek na die ryke gekom, ellendig na die barmhartige.
Laat my nie leeg en verag terugkeer nie.
En as ‘ek sug voordat ek eet’¹⁸
gee dan, na die sugte, iets te ete.

¹¹ Ps 37:9

¹² Ps 6:4

¹³ Ps 12:1

¹⁴ Ps 12:4

¹⁵ Ps 12:4

¹⁶ Ps 12:4

¹⁷ Ps 78:9

¹⁸ Job 3:24

Here, neergeboë kan ek maar net na onder kyk:
rig my op, sodat ek my na bo kan wend.
'My ongeregtighede, wat bo-oor my kop gegroei het',
oordek my en druk my neer 'soos 'n swaar vrag'¹⁹
Ontsluit my, haal my vrag af, sodat
hulle 'vanggat nie sy bek oor my sluit nie'²⁰.

Laat my ***U lig*** aanskou,
al is dit van ver,
al is dit uit die diepte.
Leer my om U te soek en ***toon U*** aan die *soekende*:
omdat ek u nie kan *soek* tensy U **my leer** nie,
U nie kan vind tensy U ***U toon*** nie.

Laat my soek deur te strewe,
laat my strewe deur te soek.
Laat my vind deur lief te hê;
laat my liefhê deur te vind.

Ek erken, Here, en ek dank U dat U U 'beeld'²¹ in my geskep het,
sodat ek in herinnering aan U
U sal ken, U sal liefhê.
Maar dit is só geskend, deur die verslytende krag van die ewels,
dit is so verswart deur die roet van die sonde,
dat dit nie kan verrig waartoe dit gemaak is nie,
tensy U dit hernu en hervorm.

Ek probeer nie, O Here, om in U diepte in te dring nie
- want my intellek is geensins opgewasse daarvoor nie –
maar ek begeer om 'n bietjie van U waarheid in ste sien,
- wat my hart glo en liefhet.
Ek streef immers nie nie, om in te sien
sodat ek mag glo nie,
maar ek glo
sodat ek mag insien,
Want ook dít glo ek:
'Tensy ek glo, sal ek nie insien nie'²²

HOOFSTUK II

DAT GOD WERKLIK BESTAAN

¹⁹ Ps 37:5

²⁰ Ps 68:16

²¹ Gen 1:27

²² Jes 7:9

Dus, Here, wat
aan die *geloof insig* skenk,
gee dat, vir sover U dit nuttig ag,
ek mag *insien*,
dat U bestaan, *soos ons glo*,
en dít is, *wat ons glo* U is.

En, waarlik, ons glo dat U
iets-is-waarbo-niks-groters-gedink-kan-word-nie.

Of:
bestaan daar dalk nie so ‘n wese nie,
want:
‘die dwaas sê in sy hart ‘daar is geen God nie’²³

Maar sekerlik:
Wanneer die dwaas hierdie presiese uitdrukking van my hoor,
naamlik:

‘iets-waarbo-niks-groters-gedink-kan-word-nie’,
dan:
verstaan hy wat hy hoor,
en:
wat hy verstaan is in sy verstand,
- selfs as hy nie begryp dat dit bestaan nie.

Want:
om ‘n saak in die verstand te hê, is één ding,
om te begryp dat dit bestaan, is ‘n ander.

Want:
wanneer ‘n skilder vooruit dink wat hy gaan doen,
dan het hy waarlik *iets in sy verstand*,
máár:
hy besit nog *geen insig in die bestaan* daarvan nie,
omdat hy dit *nog nie uitgevoer* het nie.

Maar:
wanneer hy dit klaar geskilder het,
dan beide:
hy het dit *in die verstand*, en
hy sien *in dat dit bestaan*,
omdat hy dit *alreeds gemaak* het.

Selfs die dwaas, dan, *word oortuig dat*,
iets-waarbo-niks-groters-gedink-kan-word-nie,
minstens in die verstand is,

²³ Ps 13:1; 52:1

omdat hy dit,
wanneer hy dit hoor, verstaan,
en:
enigiets wat verstaan word, is in die verstand.

En sekerlik:
dít-waarbo-‘n-gotere-nie-gedink-kan-word-nie
kan nie net in die verstand wees nie,
want:
as dit minstens net in die verstand is,
dan kan gedink word dat dit ook in die werklikheid bestaan,
wat groter is!

Dus:
as dit-waarbo-‘n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie, slegs in die intellek is,
dan is dit-waarbo-‘n-grotere-NIE-gedink-kan-word-nie
juis dit-waarbo-‘n-grotere-WEL-gedink-kan-word.
Maar dit is beslis onmoontlik!

Dus bestaan, bo alle twyfel
iets-waarbo-niks-groters-gedink-kan-word nie
sowel in die verstand as in die werklikheid.

HOOFSTUK III

DAT NIE GEDINK KAN WORD, DAT HY NIE BESTAAN NIE

En sekerlik dit bestaan só waaragtig,
dat nie gedink kan word dat dit nie bestaan nie.

Want dit is denkbaar dat iets bestaan
waarvan die nie-bestaan ONdenkbaar is
wat groter is as dít
waarvan die nie-bestaan WEL denkbaar is.

Daarom:
as die nie-bestaan-van iets-waarbo-‘n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie, denkbaar is
dan is dit-waarbo-‘n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie,
juis NIE dit dit-waarbo-‘n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie;
wat *nie kan rym* nie.

Dus
bestaan iets-waarbo-‘n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie
só waaragtig
dat nie gedink kan word dat dit nie bestaan nie.

En dít is U, Here onse God.

U bestaan dus so waaragtig, Here my God,
dat U nie-bestaan ondenkbaar is.

En tereg.

Want

*as enige denkvermoë iets beter as U kon bedink,
dan sou die skepsel bo die Skepper uitstyg en oor die Skepper oordeel,
wat totaal absurd is.*

En inderdaad van alles anders wat bestaan

- behalwe U alleen –

is die nie-bestaan denkbaar.

U alleen het *dus*

- die waaragtigste van almal en daarom die meeste van almal: die *syn*.

Want elke ander bestaande ding het

nie so waaragtig nie, en daaraan ook minder van: die *syn*.

Waarom dan sê die dwaas in sy hart:

‘daar is geen God nie’²⁴?

as dit vir die rasonale denkvermoë só duidelik is
dat U, van alle dinge, maksimaal bestaan?

Waarom, tensy dat hy dwaas en onverstandig is?

HOOFSTUK IV

HOE DIE DWAAS IN SY HART GESÊ HET WAT NIE GEDINK KAN WORD NIE

Maar:

hoe het by in sy hart gesê

wat hy nie kon dink nie?

Of:

hoe kon by nie dink nie

wat hy (wél) in sy hart gesê het?

Aangesien:

‘in die hart sê’ en ‘dink’ dieselfde is?

En:

as by dit waarlik (trouens omdat hy dit waarlik)

sowel gedink het

- *omdat* hy dit in die hart gesê het –

as nie in die hart gesê het nie

²⁴ Ps 13: 1; 52:1

- omdat hy dit nie kon dink nie –
dan is daar *nie net een manier* om iets
‘in die hart te of ‘te dink’ nie.

Op één manier word iets bedink
wanneer die woord wat ding aandui,
bedink word
en op ánder manier
wanneer presies dit wat die ding is
begryp word.

Op die *eerste* manier
kan gedink word dat God nie bestaan nie;
op die *tweede* manier egter
hoegenaamd nie.

Niemand, trouens, wat begryp *wát* God is
kan dink *dat* God nie bestaan nie,
ookal sê hy hierdie woorde in sy hart sonder enige,
of met ‘n bepaalde buitengewone betekenis:
God is tog dít-waarbo-‘n-grotere-nie-nie gedink-kan-word-nie.

En wie dít goed *begryp*,
verstaan so duidelik dat juis dít dermate bestaan
dat dit ook *nie in die gedagte* kan nie-bestaan nie
Wie dus *begryp* dat God só bestaan
kan nie *dink* dat Hy nie bestaan nie.

Ek dank U, goeie Here, ek dank U,
omdat ek dit
wat ek vroeër deur U *gawe geglo* het,
nou deur U *verligting só begryp*,
dat ek,
sou ek *weier om te glo* dat U bestaan
dit onmoontlik nie sou *begryp* nie.

HOOFSTUK V

**DAT GOD ALLES IS WAT BETER IS OM TE WEES AS OM NIE TE WEES;
EN DAT HY, DIE ENIGSTE DEUR-HOMSELF-BESTAANDE, ALLE DINGE VAN NIKS AF
SKEP**

Wát is U dan, Here God,
waarnaas-niks-groters-denkwaardig-is-nie?
Maar wat is U anders as dit wat

- as die allerhoogste, enigste-deur-homself-bestaande -
alle ander dinge van niks af geskep het?

Want *wat* nie hieraan beantwoord nie,
is minder as wat gedink kan word.
Maar *dít* kan nie van U gedink word nie.

Watter goedheid, dan, mis die allerbeste,
waardeur elke goeie ding bestaan?

U is dus
regverdig, waaragtig, salig en
wat ook al beter *ís* om te wees as om nie te wees.
Want dit is beter om
regverdig te wees as nie-regverdig,
salig as nie'-salig.

HOOFSTUK VI

HOE HY ERVAAR, ALHOEWEL HY NIE LIGGAAMLIK IS NIE

Maar:

aangesien dit **beter** is
om sintuiglik, almagtig, barmhartig, ongevoelig te wees
as **om nie só** te wees nie:
hoe is U sintuiglik, as U nie liggaam is nie;
of tegelykertyd barmhartig en ongevoelig?

Want:

as slegs die liggaamlike dinge sintuiglik is
- *aangesien* die sintuie om die liggaam en in die liggaam is –
hoe is U *dan* sintuiglik
- *aangesien* U nie liggaam is nie maar die hoogste gees -
wat **beter** is as liggaam?

Maar:

as om te ervaar niks anders is nie as om te ken en met die doel om te ken,
- *want* wie ervaar ken op tipies sintuiglike wyse,
(byvoorbeeld kleure deur die sig en smake deur die smaaksintuig)
dan word nie-onvanpas beweer dat enigiets wat sus of só ken, ook sus of só ervaar.

Dus Here,

alhoewel U nie 'n liggaam is nie, is U tog hoogs-sintuiglik
[en *wél*] op dié wyse waarop U alles ten hoogste ken,
nié op die wyse waarop 'n **lewende skepsel** met die liggaamlike sintuig ken nie.

HOOFSTUK VII

HOE HY ALMAGTIG IS ALHOEWEL HY NIE ALLES KÁN NIE.

Maar:

hoe is U almagtig *as* U nie alles kán nie -

of:

as U nie kan vergaan, of lieg, of die ware vervals

- soos gedane sake ongedaan maak -

en nog talle soortgelyke dinge nie?

Hoe kán U dan alles?

Dalk:

omdat hierdie kán

nie vermoë is nie maar onvermoë?

Want wie dít kán

kan wat hom benadeel en wat onbehoorlik is,

Hoe méér hy dit kán,

hoe méér vermag teenspoed en dwaling teen hom,

en hoe minder hy teen hulle.

Wie *dus* só kán,

kan dit nie deur vermoë nie maar deur onvermoë.

Want:

dit word nie *beweer* dat hy kan -

omdat hyself die vermoë het nie;

maar

omdat sy onvermoë veroorsaak dat iets anders téén hom kán.

Of

om dit op 'n ander wyse *te sê*:

- soos baie dinge onlogies gesê word -

byvoorbeeld wanneer

ons 'wees' vir 'nie-wees' en 'doen' vir 'nie-doen' of 'niks-doen' gebruik.

Want

dikwels sê ons

- vir iemand wat ontken dat iets só is: 'dit is so, soos jy sê dat dit is'

waar dit *logieser* blyk om so sê:

'dit is nie só, netsoos jy sê dat dit nie is nie'

Netso sê ons:

'hy sit', asof hy iets doen,

Of:

'hy swyg', asof hy iets doen,

terwyl

'sit' beteken iets nie-doen,

en

‘swyg’ beteken niks-doen.

So word *dus*

wanneer gesê word dat iemand die vermoë het om te doen
of te ondergaan wat homself benadeel of onbehoorlik is,
onvermoë onder ‘vermoë’ verstaan,

want

hoe meer hy hierdie vermoë besit,
hoe magtiger is teenspoed en dwaling teen hóm
en hoe onmagtiger is hy teen hulle.

Dus Here, God,

U is hiérom waaragtiger almagtig:

omdat

U niks deur onvermoë kán,
en niks teen U iets kán nie.

HOOFSTUK VIII

HOE HY BARMHARTIG EN ONGEVOELIG IS

Maar:

hoe is U gelyktydig barmhartig én ongevoelig?

Want:

as U ongevoelig is,

dan het U geen meegevoel nie,

as U nie meegevoel het nie,

dan het U nie ‘n ellendige hart uit medelye met die ellendige nie.

- dít is wat barmhartig-wees beteken.

Maar:

as U nie barmhartig is nie,

vanwaar [dan] so ‘n groot troos *dan* vir die ellendige?

Hoe is U en is U nie barmhartig, Here?

Tensy:

omdat U barmhartig is uit *ONS* oogpunt

en nie uit *U EIE* oogpunt nie?

U is dít volgens *ONS* ervaring

en U is dít nie volgens *U EIE* ervaring nie.

Want:

wanneer U neersien op ons, ellendiges

dan voel *ONS* die barmhartigheid se uitwerking,

U voel geen roering nie.

U is *dus* barmhartig

omdat U die ellendiges red en U sondaars spaar.
en U is *nie* barmhartig nie,
aangesien U deur geen ellende-meegevoel geroer word nie.

HOOFSTUK IX

HOE DIE GEHEEL-REGVERDIGE EN HOOGS-REGVERDIGE DIE SLEGTES SPAAR EN DAT HY HOM MET REG OOR DIE SLEGTES ERBARM

Maar:

hoe spaar U die slegtes
as U geheel-regverdig en hoogs-regverdig is?

Want:

hoe doen die geheel-regverdige en hoogs-regverdige iets onregverdigs?

Of:

watse regverdigheid is dít
wat aan die verdieners van die *ewige dood*
die *ewige lewe* skenk?

Vanwaar dan, goeie God,

- goed vir goeies en slegtes -

vanwaar -

dat U die slegtes red
as dit nie regverdig is nie
en U niks onregverdigs doen nie?

Is dit dalk

- *aangesien* U goedheid onbegryplik is -
verborge in die ontoeganklike lig
waarin U woon?

Waarlik

in die diepste geheimenis van U goedheid
lê verborge die bron
waaruit die stroom van U barmhartigheid vloei

Want

alhoewel U geheel- en hoogs-regverdig is
is U nogtans juis hierom die slegtes goedgesind,
omdat U hoogs goed is.

Want

U sou minder goed wees

as U geen slegte goedgesind was nie.

Immers

beter is hy

wat vir beide slegtes en goeies goed is

as hy

wat net vir goeies goed is.

En

beter is hy

wat goed is vir slegtes, beide deur straf en spaar

as hy

wat net deur te straf [goed is]

Daarom dan is U barmhartig:

omdat U geheel- en hoogs-goed is.

En aangesien dit dalk duidelik is

waarom U die goeies met die goeie

en die slegtes met die slegte vergeld

is dit sekerlik ten diepste verwonderlik

waarom U, die geheel-regverdige, selfgenoegsame,

U slegtes en skuldenaars met die goeie vergeld.

O diepte van U goedheid, Here

Ons *sien* die uitvloei van U barmhartigheid

en *déúrsien* dit nie.

Ons *aanskou* die afkoms van die stroom

en *déúrskou* nie die bron waaruit dit ontspring nie.

Want:

dit is *sowel* uit die volheid van u goedheid,

dat U U teenoor sondaars verplig,

as in die diepte van U goedheid

waar die *rede* lê dat U só is.

Inderdaad

toegegee dat

U die goeies met die goeie en die slegtes met kwaad vergeld

blyk dit nogtans

die geregtighedsgrond te vereis.

Maar:

wanneer U die slegtes met die goeie vergeld,

dan is

én bekend dat die hoogs-goeie dit wóú,

én verwonderlik waarom die hoogs-regverdige dit kón.

O *barmhartigheid*,

uit watter ryke dierbaarheid en dierbare rykheid ontspring U vir ons!

O onmeetlikheid van Gods goedheid,

met watter innigheid moet sondaars U liefhê!

Want:

die regverdiges red U

omdat geregtigheid hulle begelei;

die sondaars bevry U

terwyl geregtigheid hulle verdoem;

- eersgenoemdes

omdat hulle verdienste dit steun,

- laasgenoemdes

terwyl verdienste dit teenstaan;

- eersgenoemdes

deurdat U die goeie dade vat U geskenk het, *raaksien*

- laasgenoemdes

deurdat U die kwaad - wat U haat - *ontsien*.

O, *onmeetlike goedheid*,

wat elke insig so ver oorstyg;

laat oor my daardie barmhartigheid kom

wat uit U so grote rykdom vloei;

laat in my instroom,

wat uit U voortvloei

Spaar deur U begenadiging,

toorn nie deur U geregtigheid nie.

Want:

Ook al is dit moeilik om te *begryp*

hoe U genade NIE geskei is van U geregtigheid nie,

is dit *nogtans* noodsaaklik om te *glo*

dat die geregtigheid nooit *teenstaan* wat voortvloei uit die goedheid

wat sonder geregtigheid niks is nie;

intendeel:

waarlik met U geregtigheid *harmonieer*.

Help my, regverdige en barmhartige God, dat ek *begryp* wat ek sê:

U is dus waarlik *hiérom* barmhartig:

omdat U regverdig is,

Word U barmhartigheid dan gebore uit U geregtigheid?

As dit *só* is, Here, as dit *só* is

leer my *dan* hóé dit is!

Dalk

omdat dit regverdig is

dat U só **goed** is

dat U nie as *beter begryp* kan word nie

en só **magsdadig** is

dat U nie as *méer magsdadig* gedink kan word nie?

Wát is *immers* regverdiger as dít?

Dit *sou* hoegenaamd nie só gewees het

as U goed was slegs deur **vergelding**

en nie deur **vergewing** nie,

en as U goeies slegs uit nie-**goeies** sou maak

en nie ook uit **slegtes** nie.

Dus

op hierdie wyse is dit regverdig

dat U die slegtes spaar en

dat u goeies uit die slegtes maak.

Laastens

wat nie regverdig gebeur nie

behoort nie te gebeur nie

en wat nie behoort te gebeur nie

gebeur **onregverdig**.

As U

U dus nie regverdig teenoor die slegtes erbarm nie

behoort U U nie te erbarm nie

en as U U nie behoort te erbarm nie

erbarm U U **onregverdig**.

En as

dit gruwelik is om dít te beweer

dan

is dít gebode dat U U regverdig erbarm - oor die slegte mense!

HOOFSTUK X

HOE HY DIE SLEGTES

TEN REGTE STRAF EN TEN REGTE SPAAR

Maar:

dit is ook regverdig dat U die slegtes straf.

Want:

Wát is regverdiger

as dat die goeies seëninge
en die slegtes ellende ontvang?

Hoe dan is dit

én regverdig dat U die slegtes **straf**
én regverdig dat U die slegtes **spaar**?

Of:

spaar U op *één* wyse die slegtes regverdig,
en **straf** U op 'n *ánder* wyse die slegtes regverdig?

Want:

wanneer U die slegtes straf
dan is dit regverdig
omdat dit by hulle verdienste pas.

Maar:

wanneer U die slegtes spaar
dan is dit regverdig
nie omdat dit by hulle verdienste pas *nie*
maar omdat dit by U goedheid pas.

Want:

in die spaar van slegte mense
is U netso regverdig
uit U EIE en nie uit ONS oogpunt nie,
as wat U barmhartig is
uit ONS oogpunt en n uit U EIE oogpunt nie.

Aangesien:

in die redding van ons — wat U met reg sou laat verrot - is U,
netsoos U barmhartig is
nie omdat U geroer voel nie,
maar omdat ons die uitwerking voel;
netso ook regverdig
nie omdat U ons skuld vereffen nie,
maar omdat U doen wat by die hoogste goeie pas.

Só dan,

straf U tereg en **spaar** U tereg,
sonder *teenstrydigheid*.

HOOFSTUK XI:

HOE 'ALLE WEË VAN DIE HERE BARMHARTIGHEID EN WAARHEID' IS
EN TOG: 'DIE HERE IS REGVERDIG IN AL SY WEË'

Maar:

is dit *dalk*
nie ook regverdig uit U EIE oogpunt, *Here*, dat U die slegtes straf *nie*?

Want:

juis dít is regverdig:

dat U só regverdig is dat U nie regverdiger gedink kan word nie.

En

dit sou U hoegenaamd nie wees

as U net die goeie met die goeie en die slegtes met kwaad vergeld nie.

Want:

regverdiger is hy

wat beide goeies en slegtes ...

as hy

wat net die goeies

na verdienste vergeld.

Dus,

dit is regverdig uit U EIE oogpunt, regverdige en milde God,

beide wanneer U straf

en wanneer U spaar.

Waarlik

dan is 'alle weë van die Here barmhartigheid en waarheid'²⁵

en tog is 'die Here regverdig in al sy weë'²⁶.

En

dit is sonder enige teenstrydigheid,

want:

dit is nie regverdig

*dat dié **gered** word wat U wil **straf** nie*

*en dat dié **verdoem** word wat U wil **spaar** nie.*

Want

*nét dít is **regverdig***

*wat **U WIL***

*en **onregverdig***

*wat U **NIE WIL** nie.*

So dan,

word uit U geregtigheid U barmhartigheid gebore

aangesien dit regverdig is dat U só goed is dat U óók goed is deur te spaar.

En miskien is dit

waarom die hoogs-regverdige vir die slegtes die goeie kan wil.

Maar as,

*hoe ook al, **begryp** kan word*

waarom U die slegtes kan wil red,

dan

²⁵ Ps 24:10

²⁶ Ps 144:17

kan dit sekerlik in **geen begrip** gevat word
waarom U uit eenderse slegtes
deur die hoogste goedheid eerder hierdie **red** as daardie,
deur die hoogste regverdigheid eerder hierdie **verdoem** as daardie.

Só, dus is U waarlik:

ervarend,
almagtig
barmhartig
ongevoelig

netsoos U

lewend

wys

goed

salig

ewig

is,

en wat ook al beter is om te wees as om nie-te-wees.

HOOFSTUK XII

DAT GOD DIE LEWE SELF IS, WAARDEUR HY LEEF ENSOMEER

Maar sekerlik

wat U ook al is

is U nie deur iets anders as Uself nie.

U is *dus*

die lewe **self** waardeur U leef,

en die wysheid **self** waardeur U wys is,

en die goedheid **self**, waardeur U goed is

vir goeies en slegtes, en so meer ...

HOOFSTUK XIII:

HOE HY ALLEEN ONBEGRENSD EN ENIG IS, HOEWEL ANDER GEESTE ONBEGRENSD EN EWIG IS

Maar

alles wat ENIGSINS deur ruimte en tyd omsluit word,

is *minder*

as wat deur GEEN wet van ruimte of tyd bepaal word nie.

Aangesien:

daar niks groters is as U nie

beperk geen ruimte of tyd U nie,
maar U is oral en altyd.

En aangesien

dit net van U gesê kan word,
is slegs U onbegrensd en ewig.

Hóé dan,

word ook ander geeste onbegrensd en ewig genoem?

En:

ewig is sekerlik net U
omdat van alle dinge U alleen
netsomin as wat U **ophou**,
netsomin **begin** U te bestaan.

Maar:

hóé is U alleen dan onbegrensd?

Dalk omdat:

die geskape gees
vergeleke **met U**, begrensd is
maar **met die liggaam**, onbegrensd?

Ja,

eenvoudig **begrensd** is dít
wat wanneer dit in geheel 'ERENS is,
dit ook in geheel nie gelyktydig ELDERS kan wees nie
wat ons **net by liggaamlike** dinge **waarneem**.

Andersyds,

onbegrensd is dít
wat gelyktydig in geheel ORAL is
wat ons **net van U insien**.

Maar:

gelyktydig **begrensd en onbegrensd** is dít
wat wanneer dit in geheel ERENS is,
dit ook in geheel ELDERS kan wees, maar nie ORAL nie
wat ons **net van die geskape geeste ontrafel**,

want:

as die siel nie as geheel in die individuele ledemate van sy liggaam is nie,
dan sou dit nie as geheel in die individuele bewus gewees het nie.

U, Here, is *dus*

uniek-onbegrensd en -ewig
en nogtans is ander geeste
onbegrensd en ewig.

HOOFSTUK XIV

HOE EN WAAROM GOD GESIEN EN NIE-GESIEN WORD DEUR DIEGENE WAT HOM SOEK

Het jy gevind, my siel, wat jy gesoek het?

Jy het gesoek en gevind:

Hy is die hoogste van alle dinge
naas-wie-niks-beters-gedink-kan-word-nie;
en dat laasgenoemde
die lewe self
die lig
die wysheid
die goedheid
die ewige saligheid en die salige ewigheid is,
en dít oral en altyd is.

Want:

as jy nie jou God **gevind** het nie,
hoe dán is Hy dít wat jy **gevind** het
en wat jy as Hóm
met soveel sekere waarheid en ware sekerheid **ingesien** het?

Maar

as jy Hóm gevind het,
wat is dit *dan* dat jy nie **voel** dat jy **gevind** het nie?

Of:

het *hy nie **gevind**
wat *hy **bevind** het die lig en die waarheid te wees nie?

Hoe, immers,

het hy dit **ingesien**
behalwe deur die lig en die waarheid te **sien**?

Of:

kan hy hoegenaamd enigiets oor U **insien**
tensy ‘deur U lig en U waarheid’²⁷?

Dus

as hy die lig en die waarheid **sien**,
dan sien hy U.
As hy U nie **sien** nie,
dan sien hy nòg die lig, nòg die waarheid.

Is dit dalk so

dat dit *sowel* die lig as die waarheid is wat hy **gesien** het,
en nogtans het hy U **nie gesien** nie,

²⁷ Ps 42:3

*omdat by iets van U gesien het
maar U nie gesien het 'soos U is'²⁸ nie?*

Here, my God, my vormer en hervormer,
sê aan my verhangende **siel** wat U anders is as wat hy gesien het,
sodat hy suiwer mag **sien** wat hy begeer.
Hy span hom in om méér te sien,
- *en sien oorkant sy huidige blikveld net duisternis;*
maar nee, hy sien nie duisternis nie:
- 'waarvan daar niks in U is nie'²⁹
maar hy sien dat hy nie verder kan sien nie
- *op grond van sy eie duisternis!*

Waarom so, Here, *waarom so*:
word sy oog verduister deur sy **[eie] swakheid**,
of
word dit deur **U glans** afgeweer?
Maar sekerlik dit word:
én **in homself** verduister
én **deur U** afgeweer.
Gewis dit word:
én verdonker deur sy **eie** nietigheid,
én verswelg deur **U** onmeetlikheid.
Waarlik dit word:
én saamgepers deur sy **eie** noute,
én oorweldig deur **U** wydte.

Hoe groot, immers, is daardie **lig**
waaruit elke waarheid flikker
wat die rasonale denke **verlig**.
Hoe wyd is daardie waarheid
waarin alles is wat wáár is,
en waarbuite slegs niks en valsheid is!
Hoe onmeetlik is dit wat **in één blik sien**:
alles wat geskep is
en van wie en deur wie en hoe hulle
van niks af gemaak is.

Sekerlik: méér as wat deur 'n skepsel ingesien kan word.

HOOFSTUK XV

DAT HY GROTER IS AS WAT GEDINK KAN WORD

²⁸ 1 Joh 3:2

²⁹ 1 Joh 1:5

Dus, Here,

U is *nie slegs*
dit-waarbo- 'n-grotere-nie-gedink-kan-word-nie,
maar U is
iets-**groters-as-wat-gedink**-kan-word.

Want:

dit is **moontlik** om te dink dat só-iets bestaan.

As U dit nie **self** is nie

dan kan iets-groters-as-U gedink word
wat **nie kan** gebeur nie!

HOOFSTUK XVI:

DAT DIT DIE ONTOEGANKLIKE LIG IS WAARIN HY WOON

Waarlik, Here,

*dít is die 'ontoeganklike lig waarin U woon*³⁰.

Waarlik, immers,

daar is niks anders wat dit sou deurdring
om U dáárin te deurskou nie.

Waarlik hierom

sien ek U nie:

omdat dit vir my te erg is.

En *nogtans:*

sien ek alles wat ek sien dáárdeur
netsoos 'n swak oog dit wat hy sien deur die sonlig sien
- lig wat hy in die son self nie kan aanskou nie.

My intellek kan nie daarby kom nie:

dit skitter te skerp –
hy kry nie vat daarop nie.

Ook verduur my geestes oog nie lang konsentrasie daarop nie:

hy word afgeweer deur die glans,
hy word oorweldig deur die wydte,
hy word verswelg deur die onmeetlikheid,
hy word verwar deur die omvang.

O hoogste en ontoeganklike lig,

O totale en salige waarheid,

hoe ver is U van my

³⁰ 1 Tim 6:16

- ek wat so **naby** U is –
hoe verwyderd is U van my blik
- ek vat so **direk voor** U blik is!

Orals is U teenwoordig
en ek **sien U nie**.

In U beweeg ek en in U is ek³¹
en ek kan **U nie bereik** nie.

Binne-in my en **rondom** my is U
en ek **voel U nie**.

HOOFSTUK XVII

**DAT DAAR IN GOD HARMONIE, GEUR, SMAAK, PRAG,
OP SY [EIE] ONUITSPREEKLIKE WYSE IS**

Nog steeds, Here, is U verborge vir my siel
in U lig en saligheid
en daarom huiwer hy nog steeds
in sy duisternis en ellende.

Want:

hy staar
en sien nie U prag nie;
hy luister,
en hoor nie U harmonie nie;
hy proe
en ken nie U smaak nie;
hy streel
en voel nie U sagtheid nie.

Want

hierdie eienskappe, Here, God,
besit U in Uself
op U eie *onuitspreeklike* wyse;
U wat hulle
toegeken het aan U skepsels
op hulle *voelbare* wyse;

Maar

verstar, verstomp, verstop,
is die *sintuie* van my *siel*
deur die ou-ou krankheid van die sonde!

³¹ Hand 17:28

HOOFSTUK XVIII:

DAT NÒG IN GOD, NÒG IN SY EWIGHEID, WAT HYSELF IS, ENIGE DELE IS

En alweer,

‘kyk die verwarring’³²;

Kyk alweer

ontmoet **droefheid** en rou

die soeker na ‘**vreugde** en blydschap’³³.

My siel het *al* op **versadiging** *gehoop*

en kyk *alweer* word dit deur **gebrek** *verdruk!*

Ek het *al* gereedgemaak om te **eet**

en kyk *nog meer* **honger-wees!**

Ek *het* probeer **opstyg** na Gods *lig*

en *het* **teruggeval** in my *duisternis*.

Ja, nie net het *ek* daar **ingeval** nie,

maar *ek* voel my daarin **toegerol**.

Ek het al **geval**

voordat ‘my moeder my **ontvang** het’³⁴.

Waarlik, *ek* is ‘daarin **ontvang**’³³,

en in die omhulsel daarvan is *ek* **gebore**.

In hom het ons ons *waarlik* **almal** **geval**,

‘in wie ons **almal** gesondig het’³⁵

In hom het ons **almal** **verloor**

- hom wat maklik besit –

en onregmatig vir homself en ons **almal** **verloor** het

dít wat *ons*,

wanneer ons dit **wil**, nie weet hoe om te *soek* nie;

wanneer ons dit **soek**, nie *uitvind* nie;

wanneer ons dit **uitvind**, nie is wat ons *soek* nie.

Help my, U, ‘Here, om U goedheid ontwil’³⁶

Ek **het** **gesoek** na U aangesig;

U aangesig, Here, **wil** ek **soek**;

draai U aangesig nie van my weg nie’³⁷.

Hef my weer van myself op na U

³² Jer 14:9

³³ Ps 50:10

³⁴ Ps 50:7

³⁵ Rom 5:12

³⁶ Ps 24:7

³⁷ Ps 26:8

Reinig, genees, slyp, '*verlig*'³⁸ die oog van my denke
'sodat dit U mag *aanskou*'³⁹.

Laat my siel weer sy *kragte* monster
en weer met sy hele *intellek* op U *konsentreer*.

Wát is U, Here, wat is U?

As wát sal my *hart* U **begryp**?

Sekerlik

U is lewe
U is wysheid
U is waarheid
U is goedheid
U is saligheid
U is ewigheid
en elke waarlik goeie ding is U.

Hierdie dinge is so veel,
my enge *intellek* kan nie soveel met een blik sien nie,
sodat dit alles gelyktydig kan geniet nie.

Hoe dan Here, is U al hierdie dinge?

Is hulle dalk **DELE** van U,

of

is elke een van hulle eerder die **GEHEEL** wat U is?

Want

wat uit **dele** saamgevoeg is, is nie finaal **één** nie,
maar op 'n manier **véél** en innerlik **verdeeld**,

en

kan òf metterdaad òf intellektueel opgebreek word
wat vreemd is aan U,
naas-wie-niks-groters-gedink-kan-word-nie.

Dus

daar is in U geen dele nie, Here,
nòg is U veel,
U is dermate **één** ding,
en *dieselfde as Uself*
dat U *in geen opsig van Uself verskil* nie.

Ja,

U is die eenheid **self**,
deur geen intellek verdeelbaar nie.

³⁸ Ps 12:4

³⁹ Ct 6:12

Dus

lewe en wysheid ensovoorts
is nie dele van U nie,

maar

hulle is almal één

en enigeen van hulle is die geheel wat U is en wat al die ander is.

Aangesien dus

nòg U, nòg U ewigheid - wat U is - dele het

is daar *nêrens* en *nooit* 'n *deel* van U of U ewigheid nie,

maar U is orals geheel en U ewigheid is *geheel altyd*.

HOOFSTUK XIX:

**DAT HY NIE OF 'N PLEK OF IN TYD IS NIE,
MAAR DAT ALLE DINGE IN HOM IS**

Maar:

as U deur U ewigheid

WAS en IS en SAL WEES

en WAS is nie SAL WEES nie

en IS is nie WAS of SAL WEES nie,

hoe is U ewigheid geheel en altyd?

Dalk omdat

van U ewigheid

niks verbygaan sodat dit NOU NIE MEER is nie;

nòg iets sal wees asof dit NOG NIE is nie?

U WAS *dus* nie gister of SAL more WEES nie.

Maar:

U IS gister en vandag en more.

Ja:

U IS NIE gister en vandag en more nie,

Maar:

U IS eenvoudig, buite elke tyd.

Want:

'gister' en 'vandag' en 'more'

is niks anders as 'in die tyd nie'.

Maar U

- alhoewel niks sonder U is nie –

is *nogtans* nie in plek of tyd nie;

maar:

alles is in U

want:

niks omvat U nie
maar **U omvat alles**.

HOOFSTUK XX:
DAT HY VOOR EN BO ALLE
- SELFS DIE EWIGE –
DINGE IS

Dus:

U *vervul en omvat* alle dinge;
U is *vóór en bó* alle dinge.

En ja:

U is *vóór* alle dinge want:
 vóórdat hulle geword het, was U.

Maar

hóé is U bo alle dinge?

Want:

 hoe is U bo dié dinge wat geen sonde het nie?

Dalk omdat

hulle hoegenaamd nie kan wees sonder U nie,
terwyl
U hoegenaamd niks minder is, sellas as hulle weer tot niks verval nie.

Dalk selfs

omdat GEDINK kan word dat hulle ‘n grens het,
 maar U hoegenaamd nie?
Want só HET hulle op ‘n sekere manier n grens,
 maar U hoegenaamd nie.

En sekerlik

dit wat HOEGENAAMD NIE ‘n grens het nie,
is *bó-dit-wat-OP-‘N-SEKERE MANIER*-begrensd is.

Dalk

oortref U ook op hierdie manier alle dinge

- selfs die ewige -

aangesien

 hulle van hulle ewigheid nog nie dit besit WAT KOM nie,
soos

 hulle ook te meer besit WAT VERBY is nie?

Só sekerlik
is U altyd **bó hulle**
aangesien
U altyd **aan Usel** teenwoordig is,
of omdat
dít altyd **aan U** teenwoordig is,
waarby **hulle** nog **nie uitgekóm** het nie.

HOOFSTUR XXI:
OF DÍT DIE EWIGHEID VAN EWIGHEID
OF DIE EWIGHEDE VAN EWIGHEDE IS?

Is dit dalk
die ‘ewigheid van ewigheid’ of die ‘ewighede van ewighede’?

Want:
netsoos die ewigheid van tyd ALLE TYDELIKHEDE bevat,
netso bevat U ewigheid ook die EWIGHEDE SELF van alle tye.
En dit is juis ‘n ewigHEID,
*op grond van **onverdeelbare eenheid***
maar ewigHEDE,
op grond van onomgrensbare onmeetlikheid.

*En **hoewel** U só GROOT is, Here,*
dat alles vol is van U en in U is,
*is U **nogtans** dermate SONDER enige RUIMTE,*
dat in U nòg middel, nòg helfte, nòg enige deel is.

HOOFSTUK XXII:
DAT HY ALLEEN IS
WAT HY IS EN WIE HY IS

Dus
U alleen, Here, is wat U is, en U is wie U is.

Want:
dít wat één ding in sy geheel
en iets ánders in sy dele is en waarin iets veranderliks is
is nie heeltenaal wat dit is nie.

En:
dít wat van **nie-syn** af begin het,
en:
waarvan die **nie-syn denkbaar** is,
en
tot **nie-syn** terugkeer

- tensy dit *deur iets anders* in stand bly -
en
DIT wat 'n **wás** het, wat nou nie meer **ís** nie,
en
'n **sal-wéés** wat nog nie **ís** nie
ís-nie eintlik en absoluut *DIT* nie.

Maar
U is wat U is,
aangesien U
- ongeag wat U wanneer en hoe U is -
dit *as geheel en altyd* is.

En
U is WIE U eintlik en eenvoudig is,
aangesien U
nòg 'n **was** nòg 'n **sa1-wees** besit, maar slegs 'n teenwoordige **is**
en U
ooit-nie-wees *ondenkbaar* is.

En
U is lewe *en*
lig *en*
wysheid *en*
saligheid *en*
ewigheid *en*
talle sulke *goeie dinge*.

En nogtans
is U dit slegs as die **één hoogste goeie**
U wat **selfgenoegsaam** is,
aan **niks behoefte** het nie,
waaraan **alle dinge behoefte** het
vir hulle **bestaan**
en hulle **welsyn**.

HOOFSTUK XXIII:

**DAT HIERDIE GOEIE OP GELYKE WYSE VADER EN SEUN EN HEILIGE GEES IS:
EN DAT DIT DIE NOODWENDIGE ENE IS, WAT DIE VOLLEDIGE EN TOTALE EN
ENIGSTE GOEIE IS**

HIERDIE goeie is U, God die Vader -

DIT is U Woord,

- dit wil sê U Seun.

want:

daar kan nie iets anders as wat U is,
of iets groters of minders in dié Woord wees,
waardeur U Uself uitspreek nie;

aangesien

U Woord netso wáár is, as wat U waaragtig is,

en daarom

is Hy die Waarheid Self, netsoos U en nie 'n ander as U nie,

en

U is so enkelvoudig dat uit U nie iets anders gebore kan word as wat U is nie.

HIERDIE SELFDE een is die Liefde, een en gemeenskaplik aan U en U Seun

- dit is die Heilige Goes wat van beide uitgaan -

want

dieselfde Liefde is nie ongelyk aan U of U Seun nie

aangesien

U Uself en Hom netso liefhet, en Hy U en Homself, as wat U Uself en Hy is;

en

Dit is nie iets anders as U en Hy nie

aangesien

dit nie aan U en Hom ongelyk is nie,

en

daar kan nie die Hoogste Eenvoud iets anders voortspruit
as wat Dít is waaruit dit voortspruit nie.

Maar

wat elke enkele is, dit is die hele Drie-Eenheid gelyktydig:

Vader, Seun en Heilige Gees;

want

elke enkele is niks anders

as die hoogste eenvoudige eenheid en die hoogste ene eenvoud,

wat nòg vermenigvuldig kan word

nòg onderling-verskillend kan wees.

Maar

één ding is nodig,⁴⁰

en

hierdie is daardie één nodige ding.

waarIN alle goeie dinge is;

eerder

wat elke

en die ene

en die totale

⁴⁰ Luk 10:24

en die enigste goeie IS

HOOFSTUK XXIV:

VERMOEDE OOR HOEDANIG EN HOE GROOT HIERDIE GOEIE IS

Ontwaak nou, my **siel**,
en
hef op jou hele **intellek**,
en
dink sover jy kan,
hoedanig en hoe groot dáárdie goeie is.

As, immers,
die *indiwiduele goeie dinge* genietlik is
dink [*dan*] intens na
hóé genietlik dáárdie goeie is,
- [*Hy*] wat die smaaklikhede van alle *goeie dinge* omvat,
en
nie **hoe** ons dit in die *geskape dinge* ervaar nie
- maar met dieselfde verskil as wat die Skepper van die skepsel verskil.

Want:

As goed is, die *geskape lewe* -
hoe goed is [*dan*] die *Skepperslewe*?
As smaaklik is, die *gemaakte saligheid* -
hoe smaaklik is die *Saligheid wat alle saligheid maak*?
As beminlik is die wysheid, in kennis van die *geskape dinge* -
hoe beminlik is die wysheid, wat *alles uit niks geskep* het?

Eindelik:

As daar véél en gróót genot in die *genietbare dinge* is,
hoeveel en *hoe groot* is die genieting van Hom wat *die-genieting- self gemaak* het.

HOOFSTUK XXV

WATTER EN HOE GROOT DIE SEËNINGE IS VAN DIE WAT DÍT GENIET

O, hy wat hierdie goeie geniet:
wat wag daar vir hom;
wat wag daar nie vir hom nie!

Sekerlik,
wat hy **wil**, sal daar wees;
en
wat hy **nie wil** nie, sal nie daar wees nie.

Want

daar sál wees,

goeie dinge vir liggaam en siel,

soos:

‘nòg oog gesien het,

nòg oor gehoor het,

nòg die hart van ‘n mens’⁴¹ bedink het.

Waarom dan, mensie,

swerf jy deur die veelheid op soek na die goeie vir jou siel en liggaam?

Bemin die een goeie, waarin alle goeie dinge is,

en dit vervul!

Begeer die eenvoudige goeie, wat die hele goeie is,

en dit is genoeg!

Wat dan,

bemin jy, my *vlees*;

wat **begeer** jy, my *siel*?

Dáár is dit; dáár is dit:

alles wat julle **bemin**,

alles wat julle **begeer**:

As skoonheid behaag:

‘die regverdiges sal skitter soos die son’⁴²

As snelheid of dapperheid of liggaamsvryheid:

- wat niks kan weerstaan nie –

‘hulle sal wees soos die engele van God’⁴³,

omdat

‘gesaai met ‘n vleeslike liggaam, verrys hul met ‘n geestelike liggaam’⁴⁴,

- in mag naamlik, nie in aard nie.

Indien ‘n lang en gesonde lewe:

daar is gesonde ewigheid en ewige gesondheid,

omdat

‘die regverdiges ewig lewe’⁴⁵ en ‘die heil van die regverdiges van die Here is’⁴⁶.

Indien versadiging:

hulle sal versadig word ‘wanneer die heil van God verskyn’⁴⁷,

Indien dronkheid:

‘hulle sal dronk wees van die oorvloed van Gods huis’⁴⁸.

⁴¹ 1 Kor 2:9

⁴² Matt 13:43

⁴³ Matt 22:30

⁴⁴ 1 Kor 15:44

⁴⁵ Spr 5:16

⁴⁶ Ps 36:19

⁴⁷ Ps 16:15

Indien melodie:

daar sing die engelekore sonder einde tot God.

Indien nie onreine, maar reine lus:

‘uit die stroom van sy lus laat God hulle drink’⁴⁹

Indien wysheid:

Gods wysheid self sal hom aan hulle toon.

Indien vriendskap:

hulle sal God méér liefhê as hulself
en die ander eweveel as hulself
en God sal hulle méér liefhê as hulle hulself,
omdat hulle Hom en hulself en mekaar deur Hom,
en Hy Homself en hulle deur Homself (liefhet).

Indien eensgesindheid:

almal sal net één wil hê,
omdat hulle geen ander wil as die van God sal hê nie.

Indien mag:

hulle sal almagtig in U wees, soos God in syne -
want netsoos God deur Homself kan wat Hy wil,
netso kan hulle deur Hóm wat hulle wil
want soos hulle nie iets anders wil as Hy nie,
só wil Hy alles wat hulle wil, en wat Hy wil, kán nie nie-wees.

Indien eer en rykdom:

God stel sy ‘goeie en getroue diensknegte oor veel aan’⁵⁰
ja, ‘hulle sal kinders van God en gode ‘genoem word’⁵¹ en wees
en waar sy Seun is, daar sal ook hulle wees:
‘erfgename van God en mode - erfgename van Christus’⁵²

Indien ware sekerheid:

gewis sal hulle **netso** seker wees dat hulle nooit en nimmer daardie [goeies]
of liewer daardie goeie sal ontbeer nie,
netsoos hulle seker sal wees dat hulle dit nooit vrywillig sal verloor nie;
ook dat die liefhebbende God dit nie dit nie van sy liefhebbers teen hul sin sal
wegneem nie;
ook dat ‘n wese magtiger as God, hulle en God teen hulle sin van mekaar sal skei nie.

*Maar hoedanige en hoeveel vreugde is daar,
waar sodanige en so ‘n groot goeie is?*

Menslike hart,

behoefte hart,

lydenservare,

ja lydensverdrukte

⁴⁸ Praef in Pentecoste

⁴⁹ Ps 35:9

⁵⁰ Matt 25:21,23

⁵¹ Matt 5:9

⁵² Ps 81:6; Rom 8:17

hart,

hoe bly sou jy wees as jy al hierdie dinge in oorvloed sou he?

Ondervra jou innerlike

of hy sy vreugde oor sy **só-groot** saligheid kan begryp.

Maar sekerlik

as iemand anders, wat jy presies soos jouself liefhet, dieselfde vreugde sou hê

dan sou jou vreugde verdubbel word,

omdat jy vir hom nie minder as vir jouself bly sal wees nie.

Maar

as twee of drie of baie meer dieselfde sou hê,

dan sou jy iou netsoveel vir elkeen verbly,

as jy elk netso liefhet soos jouself.

Dus

sal in daardie volmaakte liefde van ontelbare salige engele en mense

waar niemand iemand anders minder liefhet as homself nie,

elkeen nie anders oor elke ander bly wees as oor homself nie.

As dan

die mens se hart sy vreugde oor sy só-gróót goeie kwalik kan **begryp**,

hoe sal hy **dan geskik** wees vir soveel en sulke groot vreugdes?

En gewis

aangesien elkeen hom eweveel as wat hy iemand liefhet, oor dié-se vreugde verbly:

soos in daardie volmaakte geluk enigiemand God sonder vergelyking meer liefhet as

homself en al die ander by hom,

netso sal hy onbeoordeelbaar meer vreugde hê oor die saligheid van God as oor sy eie en

al die ander by hom s'n.

Maar

as hulle God **só** liefhet

‘met die hele hart, die hele denke, die hele siel’⁵³,

dat die HELE hart, die HELE denke, die HELE siel

nogtans nie genoeg is vir die majesteit van die liefde nie -

dan gewis

sal hulle **só** bly wees met die hele hart, met die hele denke, met die hele siel’

dat die HELE hart, die HELE denke, die HELE siel,

nie genoeg is vir die volheid van die vreugde nie.

HOOFSTUK XXVI

OF DÍT VOLLE VREUGDE IS WAT DIE HERE BELOOF HET

My God en my Here,

my hoop en vreugde van my hart,

⁵³ Mat 22:7

sê aan my siel of dít die vreugde is waarvan U deur U Seun aan ons sê:
'Bid en julle sal ontvang, sodat julle vreugde vol mag wees'⁵⁴

Want

ek het n volle - ja, meer as 'n volle - vreugde gevind.

Ja,

die hart vol,
die denke vol,
die siel vol,
die hele mens vol van daardie vreugde:

Nogtans

bly onmeetlik vreugde oor.

Dus

kom daardie vreugde nie geheel die vreugdevolles binne nie,
maar
die vreugdevolles kom geheel die vreugde binne.

Sê, Here,

*sê aan U dienskneg diep in sy hart,
of dít die vreugde is wat U knegte sal binnetree
hulle wat sal intree 'in die vreugde van hulle Here'⁵⁵*

Maar sekerlik

daardie vreugde waardeur U uitverkorenes hulle sal verbly, het
'nòg oog gesien,
nòg oor gehoor,
nòg in die hart van 'n mens opgekom'⁵⁶

Ek het nog nie gesê of gedink, Here, hoeveel U saliges hulle sal verbly nie'.

Sekerlik

hulle sal só bly wees, as wat hulle liefhet;
hulle sal só liefhê, as wat hulle ken,

Hoeveel sal hulle U dan ken, Here, en hoeveel U liefhê?

Sekerlik

het in HIERDIE lewe
'nòg 'n oog gesien,
nòg 'n oor gehoor,
nòg in die hart van 'n mens opgekom'⁵⁷
hoeveel hulle U sal ken en liefhê in DAARDIE lewe.

⁵⁴ Job 16:24

⁵⁵ Matt 25:21

⁵⁶ 1 Kor 2:9

⁵⁷ Jes 9:7

Ek bid, Here,
laat my U ken, laat my U liefhê,
sodat ek oor U bly mag wees.
En as dit nie in hierdie lewe ten volle moontlik is nie,
laat my dan minstens daaglik vooruitgaan,
totdat dit by die volheid uitkom.

Laat hier in my die kennis van U uitbrei,
- en dáár volledig word;
laat die liefde vir U groei,
- en dáár vol wees;
sodat hier my vreugde - in hoop - groot mag wees,
- en daar - in werklikheid - vol mag wees.

Here, deur U Seun beveel U, of liewer, raai U aan
dat ons BID
en beloof U
dat ons ONTVANG:
'sodat ons vreugde vol mag word'⁵⁸.

Ek BID, Here,
vir wat U aanraai deur ons 'wonderbare raadsman'⁵⁹;
Laat my ONTVANG,
wat U deur U waarheid beloof –
'sodat my vreugde vol mag word'.
Waaragtige God, ek BID,
laat my ONTVANG -
sodat my vreugde vol mag word',

Intussen
laat my denke vandaaruit mediteer;
laat my tong vandaaruit spreek;
laat my hart dit liefhê;
laat my mond dit preek;
laat my siel daarna honger;
laat my vlees daarna dors;
laat my hele wese dit begeer,
totdat ek 'intree in die vreugde van my Here,
wat',
as drie-enige God, 'tot in ewigheid geprys word. Amen'⁶⁰

⁵⁸ Job 16:24

⁵⁹ Jes 9:

⁶⁰ Matt 25:2; Rom 1:25